# 7 April 2023 - Pasga Lesing 4 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

Die Woorde by die instelling van die Avondmaal **–** 18/12/56

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**No: 6717** .....Maar dikwels is dwaling ook die aanleiding tot die groot vervlakking op geestelike gebied, omdat dwaling deur denkende mense afgewys word en daardeur word ook elke godsdienstige leerstelling dikwels verwerp word en daarmee ook dikwels elke geloofsleer - dus kan dwaling tot algehele ongelowigheid lei. Maar tog kan die waarheid sulke twyfelaars tot nadenke bring en hulle kan selfs ook weer tot geloof kom indien hulle van goeie wil is. Daarom is dit van besondere belang om steeds weer opheldering te gee oor **Woorde wat Ek uitgespreek het by die instelling van die 'Avondmaal'**, wat deur julle mense as rede gebruik word om 'n openbare sigbare seremonie as My wil te voor te stel, waarvan julle die verontagsaming daarvan as 'n strafbare versuim brandmerk en so gaan die betekenis van My Woorde ten volle verlore.

So volg één persoon nou gretig die verordende instruksies en gebruike na, terwyl die ander dit as sinneloos sien en dan My Woorde heeltemal verwerp, waarvan die betekenis tog so belangrik is, en blywend sal bly, omdat Ek met hierdie Woorde julle mense wil aanmaan om 'n **innige vereniging met My** tot stand te bring, wat die betekenis en doel van julle aardse lewe is. Want slegs deur hierdie innerlike vereniging maak julle julself geskik om van My Lig en Krag in die vorm van My Woord van My af in ontvangs te neem, wat julle sal help met julle voltooiing. Julle mense glo om in noue verbinding met My te tree deur 'n suiwer uiterlike gebeurtenis, deur die in ontvangs neem van brood en wyn wat julle as 'My Vlees en Bloed' beskou. En steeds weer moet Ek daarom die verkeerde denke regstel.

**Ek kan nie met julle verenig alvorens julle julleself nie omvorm het tot liefde nie.**

Die liefde bring eers vereniging met My tot stand en dan eers kan Ek met julle die Avondmaal hou. Dan kan Ek julle versadig met die brood van die hemele, met My Woord, met My Vlees en Bloed versadig. My Woorde by die instelling: "doen dit tot My nagedagtenis" was die uitnodiging aan My dissipels om dit op dieselfde manier uit te deel soos wat Ek dit aan hulle uitgedeel het, want wat hulle van My ontvang het, die Brood en Wyn, het hulle oorvloedig van My ontvang, **want Ek het aan hulle onderrig en kennis oorgedra**. Ek het hulle My Woord in alle volheid aangebied en nou moes hulle My Evangelie uitdra in die wêreld. Hulle moes My Woord verder dra, sodat die mense wat aan My bekend was, My nie sou vergeet nie, want die mensdom moes oor My en My Verlossingswerk onderrig word, **omdat hulle slegs deur hul geloof in My salig kon word.** Ek het dus My dissipels deur hierdie instellingswoorde, "doen dit tot My nagedagtenis" die regstreekse opdrag gegee om My Woord vir die medemens aan te bied, die Brood van die lewe, die Manna wat vanuit die hemele gekom het. En as teken van die dringende benodigde geestelike voedsel vir die mense, bied Ek hulle aardse brood en aardse wyn aan.

Maar My dissipels het My egter begryp omdat Ek dikwels in gelykenisse met hulle gespreek het, aangesien My Gees hulle begrip daarvan ontsluit het. Ek oorhandig die brood aan hulle met die Woorde **"dit is My Vlees"** en Ek laat hulle die wyn drink met die Woorde **"dit is My Bloed."** en bedoel daarmee My Woord met Sy Krag, omdat Ek Self die Woord is wat Vlees geword het vir julle mense.

Die belangrikheid om Avondmaal met My te hou, is om **deur My Self gevoed te word met My Woord**, Wie alleen die ware voedsel vir die siel is, Wie die siel die lewe besorg, maar word volledig misken deur die mense wat genoeë daarmee neem om slegs figuurlik die gang na die tafel van die Heer te gaan. Want Ek Self kon hulle nooit deur so 'n uiterlike handeling daartoe gebring het dat hulle hulself met My sou kon verenig wanneer die vernaamste vereiste nie aanwesig is nie, **naamlik dat die mens homself moet omvorm tot liefde.** En ten tweede moet die mens van ganser harte begeer om My Woord te hoor, eers dan begeer hy om gevoed te word en dan eers kan hy voedsel vir sy siel aangebied word. **Dan eers dus 'eet julle My vlees en drink My bloed'.** Die Vleesgeworde Woord Self gee Homself aan hom en nou stroom die voedsel vir sy siel ryklik na hom toe, want nou sal hy aan tafel volop te ete en te drinke kry. Hy sal dan My gas wees en Ekself sal Avondmaal met hom hou soos wat Ek dit beloof het.

Toe Ek afgedaal het na die aarde het 'die Woord Self' na die aarde gekom. Ek het vir die mense gebring wat hulle dringend nodig gehad het en omdat Ek 'n beperkte tyd op aarde vertoef het, lei Ek My dissipels Self op deur Myself aan hulle te openbaar deur My Woord en aan hulle die amp te verleen om in My plek My Woord na die mense te neem, sodat die mense dan – wanneer hulle dit ten volle naleef – in die toestand verplaas sou word om met My die nouste verbinding aan te gaan en **van My die Brood vanuit die hemele te verlang.** Vlees en bloed is iets wat lewe en slegs iets wat leef kan julle dooie siele tot lewe wek. Ook My Woord kan vir julle slegs dooie letters wees en dan sal dit julle nie tot lewe kan wek nie. Slegs wanneer julle Vlees eet en Bloed drink, wanneer julle julleself aan My tafel deur Myself laat verkwik, sal julle die lewe en die krag voel van wat Ek julle Self aanbied en dan eet julle My Vlees en drink My Bloed en julle sal genees en vir ewig lewe.

Maar die betekenis wat julle mense aan My Woorde toegeskryf het, kan geen mens bevredig wat nadenkend en ernstig na die waarheid streef nie.

Want dit veroorsaak verwarring en duisternis, dit gee geen lig nie. **En die inagneming van uiterlike formaliteite sal nie geestelike vooruitgang bring nie**. Maar waar innige liefde vir My en vir die naaste die voorwaarde skep, sal die verbinding met My tot stand gebring word en die gebeurtenis van die Avondmaal hoef dan geen leë formaliteit te wees nie, omdat Ekself dan voeding aan die siel sal gee en omdat sy nou deur My Woord ’n versterking ondervind wat ook aan haar die bewussyn van die lewe skenk, omdat My Vlees en My Bloed in waarheid deur die persoon geniet word, **met wie Ek nou die ware Avondmaal kan hou.** Amein.